Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GRAAD: 6
# VAK: SOSIALE WETENSKAPPE (GESKIEDENIS)
# KWARTAAL EEN
# FORMELE ASSESSERINGSTAAK (FAT) 1.

Naam: ______________________________________________

Klas: ______________________ Datum: __________________

Skool: _____________________Onderwyser:________________

| FAT | Aktiwiteit/Vorm | Leerder se punt | Leerder% |
|---|---|---|---|
| 1. | Brongebaseerd en paragraafskryf | | |
| **TOTAAL** | | | |

# GRAAD 6 FORMELE ASSESSERINGSTAAK KWARTAAL 1

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

# VROEË BESKAWINGS

**FAT: BRONGEBASEERD EN PARAGRAAFSKRYF** **TYDSDUUR: 1 UUR**

**DATUM:** **PUNTETOTAAL: 40**

---



**HOE HET MAPUNGUBWE AS 'N MAGTIGE (GROOT) STAAT EN AS 'N SENTRUM VIR INTERNASIONALE HANDEL ONTWIKKEL**

**BRON 1A**

Hierdie uittreksel verduidelik die ontwikkeling, ontdekking en handel in Mapungubwe

> Naby die noordgrens van Suid-Afrika, aangrensend aan Zimbabwe en Botswana, is die byna ongeskonde oorblyfsels van Mapungubwe…'n groot magtige (dominante) staat van die vroeë Afrika-beskawings (samelewings) gevind.
>
> Mapungubwe het in ons eie wêrelddeel ontwikkel en daardie mag honderde jare lank behou …. Dit was 'n vernuftige gemeenskap op 'n sandsteen-heuwel in die Limpopo vallei en in die Middeleeue is 'n florerende (suksesvolle) handel met handelaars van die verre lande bedryf.
>
> Goue voorwerpe, baie soos dié van die Zimbabwe-ruïnes, was gevind, terwyl verskeie opgrawings ook klipmure, erdewerk en geraamtes opgelewer het, en natuurlik krale.
>
> Duisende verskillende soorte krale, vervaardig in plekke soos Indië, is in feitlik elke laag van die nedersettings by die Mapungubwe-kompleks gekry. Die ekonomieë was op groot troppe beeste gegrond, maar die mense het betrokke geraak by handel met die buitewêreld en het met eksotiese en kosbare goedere handel gedryf.

Geneem uit die webtuiste http://www.mieliestronk.com (besoek 03 Desember 2013)

1.1 Bestudeer Bron 1A en beantwoord die vrae:

1.1.1 Watter bewyse kan in Bron 1A gevind word wat die feit ondersteun dat Mapungubwe 'n groot magtige staat van die vroeë beskawings was? (1X2)

1.1.2 Gebruik Bron 1A om die belangrikste ekonomiese aktiwiteit te identifiseer. Verskaf bewyse uit die bron. (1X2)

1.1.3 By watter ander ekonomiese aktiwiteite was hulle betrokke? (1X2)

1.1.4 Hoe weet ons dat hulle suksesvol was in die verkoop van hul produkte?

Verskaf bewyse uit die bron. (2X2)

(10)

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel verduidelik hoe die dorp, Mapungubwe, regeer was.

Handelsposte is deur die Arabiere opgestel. Die heerser (koning) was ‘n slim man. Hy het beheer geneem van die goud en ivoorhandel. Mense het goud en ivoor al langs die Shashe-rivier vervoer to by Mapungubwe. Plaaslike handelaars het die goud en ivoor verder af geneem en dit verkoop aan buitelandse (oorsese) handelaars wie se skepe geland het op Inhambane aan die kus.

Die dorp het baie ryk geraak en die lewe het vir die inwoners (mense) van die dorp begin verander. Die dorp het ‘n baie goeie georganiseerde samelewing geword. Daar was ‘n heerser (koning) en kleiner kapteins in die koninkryk. Die kleiner kapteins het gejag en goud gemyn. Die heerser het dit as ‘n huldeblyk (prysing) gekry. Hy sou sy kleiner kapteins beloon met ingevoerde luukse goedere wat hulle wou hê.

Die heerser (koning) se huis is omring deur klipmure op die top van die berg. Die klein kapteins en die mense van die koninkryk het verder van die heuwel af gewoon. Hoe meer invloedryk jy was, hoe hoër op teen die berg het jy gewoon.

Geneem uit die webtuiste http://newhistory.co.za (besoek 03 Desember 2013)

1.2.1 Watter bewyse in die Bron verduidelik dat die heersers ryk en magtig was? (1X2)

1.2.2 Watter bewyse is daar dat die lewens van die mense verander het deur Internasionale handel? (2X2)

1.2.3 Verduidelik hoe die dorp regeer was volgens Bron 1B. (2X2)

1.2.4 Hoe was die sosiale klasse in Mapumgupwe gevorm? (2X2)

(14)

**BRON 1 C**

Hierdie foto van die goue renoster is ‘n artefak wat in ‘n graf in Mapungubwe gevind is.



Geneem uit http://www.randcoin.co.za (besoek 03 Desember 2013)

1.3. Bestudeer die Bron 1D en beantwoord die vrae:

1.3.1 Tot watter mate ondersteun Bron 1C die feit dat waardevolle artefakte in Mapungupwe gevind is. (1X2)

1.3.2 Watter inligting verskaf die foto van die mense wat die goue renoster gemaak het? (2X2)

1.3.3 Gebruik die bewyse (inligting) van Bron 1A, 1B en 1C en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van 8-10 volsinne in jou eie woorde, oor die ontwikkeling van Mapungupwe as 'n magtige staat en as 'n sentrum vir internasionale handel. (10)

Fokus op die volgende aspekte:
Ontwikkeling in 'n ryk magtige staat

- Die geografiese (fisiese) verdeling van die politieke heerskappy (heerser/koning) en kleiner kapteins)
- 'n Verskuiwing (verandering) van boerdery met beeste na handelgebaseerde ekonomie.
- Sentrum vir plaaslike en internasionale (oorsese) handel
- Ekonomiese aktiwiteite ensovoorts.

Die volgende rubriek sal gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| Vlak 1 | Gebruik bewyse en eie kennis op elementêre manier. Dit wil sê **toon min of geen begrip van hoe Mapungupwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Gebruik bewyse uit bronne gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| Vlak 2 | Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp. **Toon begrip van hoe Mapungupwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | Punte: 3- 7 |
| Vlak 3 | Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer deeglike begrip van hoe Mapungupwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 8 - 10 |

TOTAAL: 40

## GRAAD 6 NASIENRIGLYNE (MEMORANDUM) VIR KWARTAAL 1

## SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## VROEË BESKAWINGS

**FAT: BRONGEBASEERD EN PARAGRAAFSKRYF** **PUNTETOTOAAL: 40**

---

**LET WEL: ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD BEHOORT OORWEEG TE WORD**

1.1.1 Die byna ongeskonde oorblysels in Mapungupwe is ‘n bewys dat dit ‘n magtige staat van die vroeë beskawings is. (1X2)

1.1.2 Hulle het handel gedryf met goud en ander kosbare dinge. (1X2)

1.1.3 Pottebakkery en krale. (1X2)

1.1.4 Daar is suksesvol handel gedryf; goud en ivoor is verkoop aan die buiteland; Mapungupwe het ryk geraak. (2X2)

(10)

1.2.1 Die hoof het beheer geneem van handel met goud en ivoor. (1X2)

1.2.2 Die dorp het ryk geword en die lewens van mense het verander. (2X2)

1.2.3 Daar was 'n heerser (koning) en 'n kleiner kapteins in die koninkryk. Die kapteins het gejag en goud gemyn. Die heerser het dit as ‘n as 'n huldeblyk (prysing) gekry. Hy sou sy kleiner kapteins beloon met ingevoerde luukse goedere wat hulle wou hê. (2X2)

1.2.4 Die heerser se huise is omring deur klipmure op die top van die berg. Die kleiner kapteins en die gewone mense van die koninkryk het verder van die heuwel af gewoon (2X2

(14)

1.3.1 Bron 1C dien as ‘n bewys dat waardevolle goue artefakte in grafte ontdek het;. (1X2)

1.3.2 Kan as bewyse dien dat hulle baie goud gehad het; hulle was lief vir diere; Renoster was ook ‘n simbool van leierskap; enige relevante feit. (2X2) Hulle behoort die bruikbaarheid van die bron vas te stel.

1.3.3 Leerders behoort die volgende punte in hul antwoord in te sluit:

- Ontwikkeling in ‘n ryk magtige staat
- Die geografiese verdeling van die politieke heerskappy (heerser, hoof en kleiner hoofde)
- ‘n Verskuiwing van boerdery met beeste na handelgebaseerde ekonomie.
- Sentrum vir plaaslike en internasionale handel
- Ekonomiese aktiwiteite ens.

Die volgende rubriek kan gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| Vlak 1 | Gebruik bewyse en eie kennis op elementêre manier. Dit wil sê **toon min of geen begrip van hoe Mapungubwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Gebruik bewyse uit bronne gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 – 3 |
| Vlak 2 | Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp. **Toon begrip van hoe Mapungubwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | Punte: 4- 6 |
| Vlak 3 | Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer deeglike begrip van hoe Mapungubwe ontwikkel het as 'n magtige staat en 'n sentrum vir internasionale handel.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 7-10 |

(10)

**ONTWERPROOSTER: Kognitiewe vlakke vir Graad 6 Brongebaseerde vrae:**

| KABV (bl. 48) | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Onttrek inligting uit Bronne** | **Verduidelik historiese begrippe; eenvoudige interpretasie; verstaan Bron en skrywer se mening; eenvoudige vergelyking** | **Interpreteer en evalueer; vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid, vergelyk en kontrasteer interpretasies** |
| | **30% (12 punte)** | **50% (20 punte)** | **20% (8 punte)** |
| **Vraag 1** | | | |
| 1.1.1 | (1X2) | | |
| 1.1.2 | (1X2) | | |
| 1.1.3 | (1X2) | | |
| 1.1.4 | | (2X2) | |
| 1.2.1 | (1X2) | | |
| 1.2.2 | | (2X2) | |
| 1.2.3 | (2X2) | | |
| 1.2.4 | | (2X2) | |
| 1.3.1 | | (1X2) | |
| 1.3.2 | | (2X2) | |
| 1.3.2 | | | (10) |
| **TOTAAL** | **12 punte (30%)** | **18 punte (45%)** | **10 punte (25%)** |